

Gebiedsaamtrek : Keurbooms Lagoon : 2017

Die jaarlikse Gebiedsaamtrek van streke Klein Karoo (10 woonwaens + 6 gaste), Strelitzia (6 woonwaens) en Oos-Kaap (34 woonwaens + 6 gaste) het weereens



aangebreek. Gelukkig was dit 'n ekstra lang naweek en dit is goed benut deur heelwat woonwaens en hulle base. Die heel "rykes" het alreeds Woensdag tentpenne kom inslaan by Keurbooms Lagoon, ander het Donderdag die oord ingery en die werkendes het Vrydag kom aansluit. Skielik was daar volop woorde tussen al die lede. Donderdagaand het

Willem, die gebiedsvoorsitter, ons almal hartlik welkom geheet en sommer die Boekevat ook waargeneem. Daarna het die vure hoog gebrand en almal het heerlike daar rondom gekuier. Skielik seën die Vader ons nog boonop met 'n lekker buitjie reën ook. Toe weet ons dat ons alles maar in Sy hande kan laat.



Vrydag breek die dag sommer skoon en nuut aan en almal roer stadig. Die verskillende besienswaardighede in die omgewing tot sover as George word besoek. Ons gesin het 'n eg Suid-Afrikaanse ondervinding gehad toe een van die ape by Monkeyland skielik ons kleinkind se tietiebottel uit haar hand kom steel het! (is nie eers meer veilig by die diere nie.) Sommiges gaan vir inkopies en ander vir proe en ander vir sommer net kyk.

Intussen begin die pannekoek bakkers en baksters hulle panne opwarm. Die gaste kom met die boeing en hulle is spoedig tuis in hulle "deeltitels" vir die naweek. Ons Nasionale Voorsitter, Jurie en Kitty asook Andre en Vinkie, die Nasionale Sekretaris, het al die pad van die noorde af gekom om by ons te kom kuier. Oos-Kaap sorg die aand dat



die gaste se magies gevul word met heerlike potjiekos en potbrood en die soet word nie agter gelaat nie. Op die maat van die musikante word daar heerlik gesmul tot die bedjies begin roep en almal luister na die see se simfonie in C-majeur.

Saterdag is weereens 'n pragtige dag – hoe gelukkig kan mens wees. Die musikante sorg dat die snare gespan is en die panne van die boepens-broodjies en pannekoek begin sweet op die warm stowe. (Gehoor 'n jaffel is 'n boepens-broodjie.) Daar word heerlik onder die bome gekuier en geluister na die suiwer stemme van die sangers, nadat Jurie vir ons die Boekevat waargeneem het. Die middag word daar weer gekuier en gery en geëet. Ja, 'n ware Sawanant weet hoe om dit te doen. Die Gebiedsbestuur bespreek die sake van belang terwyl die ander solank rus. Die aand sorg Strelitzia vir ons gaste en met gevulde magies word daar later kooi toe gekruip.



Kan nie glo nie, maar Sondag is net so 'n perfekte dag. Ds. Rudie wys ons weer op die liefde en gebed en daarna sê Jurie sy sê, asook die onderskeie voorsitters en laaste die gebiedsvoorsitter wat almal bedank. Gelukkig kan ons die middagmaal afsluit met die poeding wat Strelitzia verkoop. Ons gaste vertrek en van ons lede ook. Die ander kuier die dag heerlik in die omgewing.



Maandag sluit Oos-Kaap die naweek af met Boekevat en daar word stadig opgepak en terug gery na die onderskeie streke toe. So kom 'n heerlike naweek tot sy einde. Sommer net 'n opregte dank aan elke Sawanant vir die heerlike samesyn, kuier en gesels en hulp met alles die naweek.

Die fondse wat die 3 streke ingesamel het tydens die naweek se verkope was:

- Jaffels (Oos-Kaap): R1000
- Poeding (Strelitzia): R2000
- Pannekoeke (Klein-Karoo): R2164

Dus, ons het die mooi totaal van R5164 vir die Presidentefonds ingesamel. Dit is R37 minder as verlede jaar se R5201 maar steeds dubbeld ons oogmerk van R2500. Daar was 'n totaal van 62 woonwaens/waentjies/tente waarvan 12 gaste was.

Ek wil regtig vir een en elkeen van julle en die streke se lede baie, baie dankie sê vir elkeen se bydrae. Dit maak my regtig nederig voel om deel te wees van hierdie besonderse entoesiastiese groep mense

Baie SAWA-groete aan elkeen van julle.

Willem S. Nel